

20 Desember

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-17  
Fokusgedeelte: NGB, Art 36

### Die taak van die onderdaan – onderwerp jou aan die owerheid

Die mense aan wie Petrus skrywe het al een keer tevore in hulle lewe alles verloor. Hulle was gelowiges “van die verstrooiing” (1 Pet 1:1 – OAV), dit wil sê gelowiges wat om verskillende redes (veral weens geloofsvervolging) hulle geboorteland verlaat het om elders nuut te begin. In die buiteland het verdere probleme egter op hulle gewag. Hulle was “uitlanders”, mense sonder eiendoms- of politieke regte. In baie gevalle het hulle die prooi van diskriminasie en verontregting geword. Hulle kon hulle ook nie op die howe beroep nie. Om alles te vererger, begin dit in daardie tyd duidelik word dat die owerheid Christene nie goedgesind is nie en dat hulle hulle vervolg.

'n Mens se natuurlike reaksie onder sulke omstandighede is om in opstand te kom vir jou regte. Juis in daardie tyd was daar in die Romeinse ryk 'n baie groot slaweopstand onder leiding van Spartakus. Spartakus het selfs veldslae teen die Romeine gewen, maar is uiteindelik deur Crassus verslaan. Saam met 6 000 slawe is hy langs die Via Appia (Italië se N1) gekruisig.

In 'n wêreld van veronregting en diskriminasie is daar dus die keuse tussen twee kruise – die kruis van Spartakus of die kruis van Christus. Kies tog die kruis van Christus! Moet nie aan jou natuurlike neiging toegee nie (vers 11). Oorwin die kwaad met die goeie. Jy het 'n vryheid wat nie weggeneem kan word nie, naamlik die vryheid om God te dien (vers 16). Volhard in elke omstandigheid met goeie, gelowige gedrag en maak só 'n einde aan die kwaad waarvan medeburgers of die owerheid jou verdink (vers 15). Al duur diskriminasie voort tot die oordeelsdag, jou onskuld sal soos die son deurbreek (vers 12)!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*